Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 48865 of Bruarfossweg 80
Hercules Valhalla
0030 0185

20 Augustus 2005

Nuusbrief 2/2005

Beste Lid,

Die eerste helfte van die jaar lê amper op sy rug met die aanbreek van hierdie nuusbrief se ontstaan – dit was nog nie rêrig koud nie – Pretoria het darem by 3 grade gedraai, maar ons sal maar wag en sien wat die res van die winter oplewer. En so met al die gewoel en gewerskaf in en om die huis, het die blikbrein ook besluit om sy deel by te dra en die "operating system" laat kleintjies kry ! Ek was al verby bladsy twee van die nuusbrief toe die onheil my getref het ! As dit nie genoeg was nie, was die ander onheil wat in die donkerte rondsluip ook alweer twee keer by my – die eerste keer om goed te kom leen, maar my Foxy het hom te groot laat skrik – die een hoek van die diefwering is nou wel gebreek, maar dit is nie die ergste nie. Dan het my vrou Poppie ook die nare ondervinding gehad van "gewapende 'smash and grab" – nog ongerief, skade en herstel koste. Afgesien van skok ens., het Poppie gelukkig niks oorgekom nie .... net 'n wintersbaadjie verloor. Die Saterdagoggend was daar 6 ander motors met dieselfde probleem.

In die vorige nuusbrief het ek melding gemaak van 88 lede wat nie hierdie nuusbrief sal ontvang nie tensy hul ledegeld op datum gebring word nie ..... wel, die totaal het afgekom na 79 ! Dit laat 'n mens wonder waar ons volgende jaar hierdie tyd sal staan ?

1. **OORLEDE :** Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van die volgende lede bekend maak :
   a. Mnr D.B. (Ben) Snyman, Posbus 239, Cullinan 1000
   b. Mnr D.J. (Oom Dirkie) Uys, Westerbloem Oue Tehuis, Bloemfontein 9301

2. **POS TERUG :** Net soos met elke nuusbrief het die volgende lede se pos teruggekom **:**
   a. Mnr J. Momberg, Posbus 2676, Bellville 7535 (Posbus gesluit)
   b. Mnr L.S. Strauss, Kameelstraat 14, Virginia 9430 (Vertrek)

3. **Algemene Jaarvergadering (AJV) van die TBK van SA :**

Kennisgewing geskied hiermee dat die AJV van die TBK om 15:00 (3nm) op die 8ste Oktober 2005 in die skoolsaal van die Hoërskool F.H. Odendaal, Baviaanspoortweg, East Lynne, Pretoria sal plaasvind. Indien u enige punte vir bespreking op die agenda , onder Algemeen, wil plaas, stuur dit asb aan Mnr S.D. van Zyl, Posbus 2918, Faerie Glen 0043 om hom ten minste drie (3) weke voor die AJV te bereik – met ander woorde asb nie later as die 23ste September 2005 nie. Geen besprekingspunte sal op die dag van die AJV op die agenda geplaas word nie. Baie dankie vir u samewerking.

U word ook daaraan herinner dat stembriefies slegs aan lede uitgereik sal word indien die lid se ledegeld op datum is en die stembriefies sal ook die enigste manier wees om 'n stem uit te bring. Ons weet dat dit weer 'n dag van Curriebeker rugby sal wees, maar u word vriendelik, dog ernstig, versoek om die AJV by te woon om sodoende ook insae tot die doen en late van die TBK te hê.

Agenda van die AJV van die TBK van SA wat gehou sal word op **die 8ste Oktober 2005** in die skoolsaal van FH Odendaal Hoër-skool, Baviaanspoortweg, East Lynne, Pretoria :

a. Opening en verwelkoming
b. Notules van die vorige AJV
c. Finansiële verslag
d. Jaarverslae deur die tak voorsitters
e. Jaarverslag deur die voorsitter van die TBK
f. Verkiesing van voorsitter en hoofkomitee lede
g. Algemeen
h. Afsluiting.

Notules van die AJV van die TBK gehou op **23 Oktober 2004** in die skoolsaal van Hoërskool FH Odenaal :

1. **Opening en verwelkoming** :

Die nasionale voorsitter van die TBK heet almal teenwoordig welkom om 17:00, waartydens 'n kworum teenwoordig was. Mnr Cas Bodenstein neem skriflesing en gebed waar.

2. **Notule van die vorige AJV :**

Die notule van die vorige AJV het in die vorige nuusbrief verskyn en word nie voorgelees nie. Mosie vir aanvaarding : Flip Snyman en daar was vele sekondante.

3. **Finansiële verslag :**

Die verslag word namens die penningmeester deur die voorsitter voorgelees. Mosie vir aanvaarding : G. Jooste en vele sekondante.

4. **Tak verslae :**

Goudveld-tak se verslag word deur H. Ferreira voorgelees, Pretoria-tak deur Tom Adams, Wesrand-tak deur Flip Snyman en Bloemfontein-tak deur Jasper Vlok. Geen verslag vanaf Karoo-tak ontvang nie – die laaste funksie aldaar was bygewoon deur Jasper Vlok.

5. Toekennings :

Die Hannes Schoeman wisseltrofee word toegeken aan penningmeester Fred Nelson en erelidmaatskap word toegeken aan Sias Erasmus en 24 x 15-jaar lidmaatskap sertifikate word oorhandig.

6. Jaarverslag deur die Nasionale voorsitter :

Die nasionale voorsitter lewer sy voorsittersverslag.

7. a. Verkiesing van Nasionale voorsitter :

Twee nominasies word ontvang : J. Vlok en P. Van Staden. Na 'n stemming word J. Vlok herkies as nasionale voorsitter.

b. Verkiesing van hoofkomitee lede : Die komitee word onveranderd soos volg herkies : **Onder-voorsitter** : H. Ferreira;

Penningmeester : F. Nelson; **Sekretaris** : S. Van Zyl; **Addisionele lede** : D. Labuschagne, S. Erasmus, A. Van Zyl en Mev G. Du Plessis.

8. Algemeen :

Daar was geen punte vir bespreking ingedien nie.

9. Afsluiting :

Die vergadering sluit om 18:15.

4. 15-JAAR LIDMAATSKAP SERTIFIKATE :

Die volgende lede word vriendelik uitgenooi om die AJV van die TBK op 8 Oktober 2005 by te woon om sodoende hul 15-jaar lidmaatskap sertifikate persoonlik in ontvangs te neem. Indien u nie die sertifikaat persoonlik in ontvangs kan neem nie, vra ons dat u net vir ons 'n kort briefie in die pos gooi na een van die bostaande adresse dan sal ons u sertifikaat vir u pos (bevestig tog net dat u posadres hieronder 100% korrek is). U samewerking sal baie waardeer word.

In alfabetiese volgorde :

Mnr C. Botha, Posbus 22473, Extonweg 9313
Mnr J.T. Burke, Donalbainstr 11, Bedelia, Welkom 9459
Mnr F.H. Calitz, Posbus 30195, Pellissier 9322
Mnr M.J. Cloete, Posbus 132, Stella 8650
Mnr J.M. Coertze, 31ste Laan 769, Villieria 0186
Mnr S.V. Coetzee, Posbus 25, Albertinia 6695
Mnr J.H. Coetzer, Kwartelstraat 14, Brits 0250
Mnr A.H.A. Conradie, Erasmusstr 8, Witkoppies, Klerksdorp 2571
Mnr L.F. de Lange, Mirandastr 10, Ravensklip, Boksburg 1460
Mnr J.D. Delport, Posbus 163, Reivilo 8595
Dr J.C. Greeff, 46, Davallia Road, Duncraig 6023 Western Australia (so effens bietjie baie ver vir jou, Johan !)
Mnr A. Groenewald, Posbus 453, Hennenman 9445
Mnr J.D.H. Hattingh, Posbus 221, Delareyville 2770
Mnr F.G. Nelson, Posbus 17442, Bainsvlei 9338
Dr B.J. Schoeman, 25ste Laan 297, Villieria 0186
Mnr J.C. Schoeman, Posbus 1049, Secunda 2302
Mnr A.S.H. Steyn, Villagestraat 136, Randfontein 1760
Mnr J.S. van Aswegen, Garingboomstr 41, Mayberrypark 1448
Mev van der Merwe (eggenote van wyle oom Kalie vd Merwe ..... **kan iemand asb help met haar nuwe adres ??)**
Mev A.S. van Niekerk, Posbus 113, Derby 2820
Mnr P.S. van Staden, Posbus 3036, Van der Bylpark 1900
Mev J.J. van Zyl, 203, Imbui Hof, Eagle Singelstr, Kwaggasrand 0183
Mnr J.B. Visagie, Posbus 11390, Aston Manor 1630
Mnr W.L. Vos, Posbus 21007, Valhalla 0137

5. ORKESTE GENOOI VIR DIE AJV :

Die volgende orkeste is genooi om musiek te verskaf : Theo Slabbert en die Noorsvelders, Die Sandvelders, Lourens van Zyl en Jimmy MacDonald.

6. GESOEK:

In die vorige nuusbrief was daar ook gesoek na 'n vrywilliger(s) om die TBK se foto-nuusblad op die been te bring. Tot op hierdie stadium het ons nog niks gehoor nie. Is dit omdat daar nie belangstelling is nie, of is dit dat die mense weet dit sal 'n tydjie van jou "aftyd" in beslag neem? Dink maar weer hieroor en indien u wel belangstel, laat ons maar weet.

7. INLIGTING OOR DIE WALS :

Die volgende bydrae is deur oom Wilhelm Schultz ingestuur : " Ek wonder wie van die lesers van die TBK se nuusbrief is so gelukkig om die langspeelplaat van Miliza Korjus, met die titel "Vienna in ¾-time" te besit. Van die ouer lede van die TBK sal seker die film "The Great Waltz" , wat gebaseer is op die lewe van Johann Strauss Jnr, onthou. Miliza Korjus speel die rol van die prinses, teenoor "Johan Strauss".

Verskeie van die titels van die liedjies wat sy in die film sing, verskyn op die plaat, onder andere "Beautiful Blue Danube" en "Tales of the Vienna woods".

Die plaatomslag bevat interessante inligting oor die wals wat ek graag met lesers van die TBK nuusbrief wil deel.

Gedurende die tydperk toe die wals so gewild en beroemd geraak het, was danssale die gewildste plekke van ontspanning. Oostenryk was maar arm in verhouding met ander Europese lande, maar die danssale in Weenen, hoofstad van Oostenryk, het ruimskoots vergoed vir die armoede van die land.

Alhoewel die land arm was, was die wêreld verryk deur ‘n oormaat van pragtige musiek uit Oostenryk – van komponiste soos Mozart, Beethoven, Schubert en Johann Strauss. Behalwe walse het Johann Strauss ook mooi polkas gekomponeer. Dit is seker net die inwoners van Weenen wat die water van die Donou as blou sal beskou !

Na die Napoleontiese oorloë is ‘n groot kongres in Weenen belê om oor die toekoms van Europa te onderhandel. Verteenwoordigers van ander lande wat die kongres bygewoon het, was verbaas om te sien dat die Oostenrykers geen erg het aan die kongres nie en net in die danssale belang gestel het. Inderwaarheid was die besoekende verteenwoordigers ook gereeld by die danssale opgemerk. Ek besit ‘n boek met die veelseggende titel “The Congress Dances”.

Dit is vandag moeilik om te glo dat daar ‘n tyd was toe die wals beskryf was as skokkend en onwelvoeglik. Ouers, wat gewoont was aan die sedige minuet, was bevrees dat die ergste met hul dogters kon gebeur en het gewonder wat van die sedes van die jong mense geword het.

Die wals was die eerste dans wat die dansers toegelaat het om mekaar vas te hou. By ‘n bal was die digter Lord Byron geskok om te sien “poor dear Mrs Hornem with her arms half round the loins of a huge husar-looking gentleman ... and his, to say the truth, rather more than half-round her waist...”

Maar die wals kon nie gekeer word nie. ‘n Manlike danser se grootste ambisie was om ‘n vaardige danser te wees, wat sy metgesel teen die grootste spoed van een end van die saal na die ander end in die rondte laat tol. Die owerhede moes maar gedwee erken dat die wals gesondheid bevorder en “not the enemy of true morals and endaring virtues” is nie.

Soos die wals in aansien gestyg het en uit die biersale na die paleise verskuif het, het die musiek meer “verhewe” geword en, soos in die geval van die Strauss walse, het dit selfs die status van kunswerke, wat met klassieke musiek kon meeding, bereik. Vandag word die walse van die “walskonings” in musieksale deur die hele wêreld gespeel.

Johan Strauss Jnr het sowat 160 walse gekomponeer. Om die geestige ingesteldheid van Weenen in herinnering te roep, moet mens luister na die sang van Miliza Korjus, die pools-gebore kolaratuur-sopraan, wast Europa en Amerika met haar meevoerende sang verower het en wêreld beroemd geword het met haar spel en sang in die film “The Great waltz”. *(Baie dankie vir die bydrae oom Wilhelm. Red.)*

8. NUUS VAN ONS TAKKE :

a**. i. Bloemfontein-tak :** Met ons eerste funksie op 19 Februarie 2005 – ‘n nat en onplesierige aand – was ek teleurgesteld met die opkoms. Verwarring het egter ontstaan met die plek en ek glo met ons volgende funksie wat nou sal plaasvind (14de Mei) – ons moes die datum verskuif vanaf 30 April omdat die Bloemfontein skou plaasgevind het – sal dit veel beter gaan. Dit word weer gehou in die saal van die Bloemfontein South High School, Generaal De La Reylaan, Bloemfontein. Die skool se naam was vroëer die Onse Ruste Primêre skool. Ek kan u verseker ‘n netjieser en skoner plek sal ons verseker in Bloemfontein nie kry nie. Die braai geriewe is onder dak en geen weersomstandighede sal dit kan beïnvloed nie.

Die orkeste wat genooi was, was die van Theo Slabbert, Jimmy MacDonald en oom Tande Niemand. Ek doen ‘n beroep op ons lede en aanhangers van tradisionele boeremusiek om ons kultuurskat, wat ook maar in hierdie tyd baie teenspoed ondervind, te ondersteun. Bloemfontein boeremusiekgroete. (*Jasper, jou bydrae het so effens laat aangekom, dus moes ek maar so ‘n paar wysigings aanbring. Ek hoop en vertrou dat jul laaste byeenkoms op 14 Mei wel baie suksesvol was en dat die aanwesiges die aand baie geniet het. Ek plaas sommer ook jou terugvoering ten opsigte van jul byeenkoms op 14 Mei. Baie dankie. Red.)*

ii. Graag wil ek net baie dankie sê aan almal wat gehelp het om ons funksie op 14 Mei 2005 so ‘n lekker aand gemaak het. Dit is alweer sulke en op 27 Augustus 2005 maak ons weer so. Daarna 29 Oktober 2005. Kom en geniet uself – die winter koue is dan al amper verby. Ons is weer in die saal van die Bloemfontein South High School, Generaal de la Reylaan, Bloemfontein. Die braaigeriewe is onder dak en die weersomstandighede kan geen invloed hê nie.

Ons is bevoorreg dat Theo Slabbert hier verby ry en dus weer kon speel. Jimmy MacDonald en sy mense sal ook speel. Ek probeer om oom Louis Botha ook weer daar te hê. Ja nee, lekker sal dit wees. Kom help bewaar aan ons kultuurskat wat ook maar in die hierdie baie kwaadwillige elemente moet trotseer. Bring u vriende en familie saam – ons is mos een grot familie. Vriendelike boeremusiekgroete.

b. **Goudveld-tak :**

Hier in die Goudveld gaan dit baie goed. Al klagte wat ons het is of die winter reeds verby is, of is hy nog besig om sy tande vir ons te slyp? Die Goudveld-tak het vanjaar reeds twee baie geslaagde saamtrekke aangebied. By beide saamtrekke was die saal stampvol. Met ons laaste saamtrek moes mense ongelukkig omdraai omdat daar nie genoeg sitplek vir almal was nie. Die aangeleentheid gaan op ons komitee vergadering van 6 Augustus 2005 bespreek word.

“Die Goudvelders Tradisionele Boeremusiek-orkes” se tweede CD, “Die Goudvelders speel weer”, is aan die begin van die jaar bekend gestel. ‘n Derde CD sal moontlik later in die jaar opgeneem word.

In die verlede het die Goudveld-tak se AJV met die eerste saamtrek van die jaar plaasgevind. Die komitee het besluit dat dit meer gepas sal wees om die vergadering met die laaste saamtrek van die jaar te hou. Neem dus asb kennis dat die AJV van die Goudveld-tak op Saterdag 5 November 2005 in die Toronto-saal in Jan Cilliersparк, Welkom sal plaasvind.

Die Goudveld-tak se bydrae tot jou nuusbrief is baie kort en kragtig. Ek hoop al die lede lees dit. Hoeveel van ons lede lees die nuusbrief van voor tot agter ? Ek wonder maar net ! Boeremusiekgroete. *(Baie dankie vir jou bydrae, Hennie. Alle bietjies help om die nuusbrief by 6 bladsye uit te bring. Ek wonder ook! Red.).*

c. Vaaldriehoek-tak :

Ja, u het heeltemal reg gelees ! Dit is ‘n bydrae van die welbekende Vaaldriehoek-tak – was so effens van die landkaart af gewees, maar is nou terug en ons hoop dit sal sommer baie beter vorentoe gaan. Die bydrae is ingestuur deur Peet van Staden, voorsitter : “Partykeer sit ek en dink … ander kere sit ek net!

Dit is wintertyd en die mooi is vaal en die vaal is mooi. Anderdag-oggend toe ek na buite gaan, ervaar ek die seisoensverandering in die vroegoggendlug … ‘n afwagting en belofte van lente … ek kon sweer ek ruik die reën … so ervaar ons ook die musieke … alhoewel ons gereeld geoefen het deur die winter, was die verpligtinge afgeskaal, veral optredes in die aande … net soos die natuur wag ons ook op die nuwe geleenthede wat aan die kom is.

Dankie aan almal wat positief bygedra het sedert ons heropening van die Vaaldriehoek-tak van die TBK van SA. Steeds is dit ons beleid om akoestiese Tradisionele Boeremusiek te bevorder, met musikante wat opbetaalde lede van die TBK is. Graag sou ons ook wou sien dat daar by ons byeenkomste meer TBK lede teenwoordig is dan nie-lede.

Ons begin 16h00 wanneer musikante sonder ‘n ritmegroep asook beginners die musieke begin, braaivure is beskikbaar en nagenoeg 19h00 gebeur Boekevat, waarna ons voortgaan met genooide orkeste. Gedurende die aand gebeur dit ook dat ons al die musikante op die verhoog kry waar daar om die beurt gespeel word sonder gebruik van ‘n opgestelde klankstelsel, dan word daar wyd gekuier, gelag en dankbaar gewees vir die voorregte, geleenthede en talente.

Met ons opening Februarie het ons te veel musikante gehad, so ook met die byeenkoms daarna, en vertrou ons dat die byeenkoms in Augustus ook geseënd sal wees. Vir ons funksie die 5de November het ons belofte gekry van Willie Nelson en sy ou/nuwe orkes, Hugo en Miranda kom ook om ons te vereer met ‘n besoek … moet ook nie vergeet van Oom Jan Vosloo en Tannie Werda Groenewald van Potchefstroom nie – die tannie *kan* ‘n mondfluit blaas, haar 70+ jare ten spyte! Ook is daar nog die Musiekmakers wat met Oom Jan Mans, Oom Hendrik van Rensburg en Henning de Lange as konsertinaspelers, ‘n drie-in-een orkes op sigself is … Koos Erasmus, Flip Smit en die Fouries is ook bekendes by ons byeenkomste.

Sekerlik is dit ook so dat daar van ons mense is wat nie lekker voel nie … waar u ookal aansterk, in ‘n hospitaal, versorgingsoord of by die huis … beterskap en spoedige herstel word u toegewens en aan die van u wat ‘n geliefde verloor het – ons dink aan u en dra u in ons gebede en gedagtes op aan die Groot Vertrooster en sy Genade. So kan ons ook almal oorvloediglik tap uit Jes 41:10. Ons dink in besonder aan die families van Oom Dirkie Uys na die afsterwe van Oom Dirkie, en Ben Snyman se mense na die heengaan van Ben Snyman. Ook aan almal van wie ons nie geweet het nie … simpatie en medelye aan u”. *(Baie dankie vir jou bydrae, Peet, asook vir die gevleuelde woorde. Ek hoop net dat die hoofbestuur my nie gaan kap oor die 8-bladsy nuusbrief nie – gelukkig bly die posgeld darem nog dieselfde ! Red.)*

9. BRIEWE VAN ONS LEDE :

a. Die volgende is van **Jasper Vlok, nasionale voorsitter van die TBK,** ontvang : Dit is vir my lekker om te kan reageer op die brief van Kalie de Jager wat saam hiermee geplaas word (*die brief het in Nuusbrief 1.2005 verskyn . Red.).* Gelukkig vir alle lede van die TBK, sowel as ondersteuners van TBM, hoef ons nooit te twyfel oor die ontstaan van ons geliefde klub nie, want die meeste van die pioniers wat betrokke was by die stigting van die konsertinaklub – nou die Tradisionele Boeremusiekklub van S.A. – is nog met ons.

Die storie oor dr Hans la Grange moet nou egter nie verwarring oor die ontstaan en stigting van ons huidige TBK laat ontstaan nie. Dr Hans la Grange en Fritz van Lingen het met hulle program oor die SAUK net weer bevestig hoe hierdie kultuurskade van ons deur baie liefhebbers bewonder en geniet word – vandag nog !

Daar is by my geen twyfel dat die konsertinaklub – nou die TBK van SA – gestig is op 12 Maart 1981 in die SAUK-gebou met die stigterslede Piet Bester, Manie Bodenstein, Jimmy Henning, Danie Erasmus en Kalie de Jager nie.

Ek wil Kalie net herinner dat hy gerus kan gaan lees in oom Piet Bester se boek – Tradisionele Boeremusiek – ‘n Gedenkalbum – wat al die feite rondom die stigting van die konsertina klub baie duidelik weergee. Skaam hoef ons ook nie te wees vir ons kultuurskat soos TBM nie, solank ons net probeer om dit nie te vervreem sodat dit klink soos iets wat vergelyk kan word met Amerikaanse Rock of Blues nie !

Ek vertrou dat u almal nou gerus kan wees dat daar nooit twyfel oor hierdie saak hoef te bestaan nie. Dit is egter vir die huidige orkeste om te besluit of hulle TBM wil speel op die regte manier, of om op die “trein na verandering” wil klim, wat uiteindelik hierdie mooie, geliefde en kenmerkende klanke van TBM se einde sal beteken. Gelukkig is daar darem nog genoeg en groot ondersteuners wat sal help keer !

c. **Ben en Corrie Labuschagne van Lindley** : Eerstens baie, baie dankie vir al die harde werk wat julle “personeel-lede” doen om die lewe vir ons aangenaam te maak. Ons weet dit is ure en ure so kopkrap en tande-byt (kners?), maar julle bly vasbyt. Ons waardeer die nuusbriewe regtig baie.

Dit was vir my en Corrie groot plesier om op 26 Februarie deel te kon hê aan ‘n heerlike op0skop op Welkom in die Toronto saal. Wie was die musiekmakers? Natuurlik die Goudvelders, met Hannes Schoeman en sy span as die gaskunstenaars. Mense, dit was lekker! Dat was ‘n baie warm aand en die mense se musiek het vir ons laat sweet tot naby die grense van uitputting! Maar dink julle die dansers uitgesit? Nog nooi nie. Wie kan dink aan rus met Vaalhoed se baas, Petronella of die Rooi jakkals setees? Ons het gryskoppe gesien wat net nie wil flou word nie ... praat nie van die jongmense nie. Hulle het ons nog meer lus gemaak. Die saal was propvol en op die dansvloer was daar altyd so 30 – 45 pare. Baie mense het buite gaan sit.

En toe groot lekkerte! Die bekendstelling van die Goudvelders se nuwe CD, nl. “Die Goudvelders speel weer” met 18 snitte. Op die CD is drie splinternuwe stukke van die orkesleier en konsertinaspeler, oom Piet van Heerden.

Wil julle weet hoe klink die “Goudveld wals”? of nog soeter “Die heuningkoek setees” – gaan koop dan tog asb die CD. Hannes Schoeman het die heildronk ingestel en daarna vir ons aangeja tot twaalf-uur toe – hy het ook die opnames gedoen vir die Goudvelders se eerste CD “So speel die Goudvelders”. Dankie Hannes dat julle ons Vrystaters so mooi ondersteun. Ons kan met vertroue sê dat die Goudveld-tak van die TBK baie sterk staan. As jy nie vooraf bespreek nie, kan jy dalk nie plek kry nie. As julle wil groot plesier hê, bel vir Leonora Ferreira by 057 217 3124 of 082 816 5019. (*Baie dankie weereens, Ben en Corrie. As daar meer lede soos julle was wat nie op hulle laat wag om ‘n bydrae vir die nuusbrief te stuur nie, sal dit sommer baie vinniger met die nuusbrief se saamstel gegaan het ! Red.)*

c. **Mnr L.N. Fourie, Posbus 14113, Zuurfontein 1912** : Baie dankie vir nuusbrief van 1 April . Vir my is dit ‘n riem onder die hart dat soveel lede wel omgee en ons tradisionele boeremusiek bevorder. Daarom dat ek die brief rig aan jou en dat ek ook terselfdertyd navraag doen omtrent die agterblywenis(weduwees van afgestorwe TBK lede. My voorstel : kan ons nie ‘n korrespondensie hoekie voer nie ? Dit is darem hartseer as jy jou dansmaat verloor en nou is dit maar ‘n swaar taak om weer ‘n dansmaat te vind wat ons kan saam dans en dit weer kan geniet.

Ek het my vroue op 3 Februarie verloor met haar 8ste rugoperasie en wil graag ook dans, maar sit tans sonder ‘n dansmaat. Baie mense verstaan nie boeremusiek soos ons lede nie en verkies partykeer die modiese danse hoe dit ook al sy, vind ek dit dat min van die publiek ons danspatroon ken.

Dit is somtyds met inspanning om so ‘n persoon ooit die boeremusiek se stappies (steps) te leer. Maar dit kan nie wees dat ons weduwees van die TBK lede so van die toneel kan verdwyn nie of selfs die funksies kan bywoon nie.

Dit is vir my ‘n noodsaaklike taak om weer ‘n boeremusiek liefhebber te kry of probeer vind. Dus sal ek baie bly wees indien daar van die weduwees wat belangstel om aan die wewenaars te kan skrywe en ons aan hulle ... so bou ons dan weer boeremsuek lede op en die wat belangstel om dit te behou. (*Jy het nou ongelukkig nie jou naam verskaf nie, maar ek het jou posadres bygesit ... so nou is dit oor na diegene wat belangstel om kontak te maak. Red.)*

d. **Sias Erasmus van Claremont, Pretoria :**

Eerstens wil ek vir almal baie dankie sê wat my sterkte toegewens het met my nuwe taak. Dit gaan swaar, maar ek is seker ek sal wen met oom Tom wat my bystaan. Indien daar enige iemand is wat ek oorgeslaan het met die nuwe laserskywe, moet hulle my asb kontak by 012 379 1745. Soos dit maar met ‘n nuwe werk gaan, sukkel ek so ‘n bietjie, maar Susan doen goed met haar bystand. Dankie daarvoor.

Ek het ook ‘n versoek wat ek graag wil rig aan al die lede, vir wie dit moontlik is, om die Algemene Jaarvergadering in Oktober by te woon. Dit sal dan al lekker warm wees en daardie dag se rugby kan nie so belangrik wees nie. Daar sal braaivure beskikbaar wees en pap& sous sal te koop aangebied word by die snoepie.

Kom vroeg en verseker u sitplek en kom ontmoet u mede TBK boeremusiek vriende. Ek het ook ‘n versoek ontvang van Marie Brown van Tamboerskloof. Sy wil graag weet of daar iemand is wat ontslae wil raak van plate en kasette wat deur die TBK uitgereik is en nie meer beskikbaar is nie. Sy sal dit graag wil bekom. Haar adres is : Me M. Brown, Monto Floro 12, Bruensvickweg, Tamboerskloof 8001. Is daar miskien iemand wat haar kan help ?

Dit is dan nou al van my en ek hoop om baie van u te ontmoet op die 20ste Augustus met die Pretoria-tak se byeenkoms in East Lynne en sommer ook die tak se AJV en ook om nog meer nuwe gesigte te sien met die TBK se AJV op die 8ste Oktober. (*Sias, ja, dit gaan so met alle nuwe dinge wat jy vandag aanpak .... moet van vooraf weer begin leer ! Maar na ‘n tydjie, nadat jy eers gewoont geraak het aan al die nuwe dinge, dan gaan dit sommer baie beter en jy kry alles in een aand klaar, waar jy vantevore amper ‘n week geneem het om alles onder die knie te kry. So, byt maar vas ... die makliker tye is op pad! Red.)*

e. Mnr Pieter Olivier van Ottosdal :

Baie dankie vir die verjaarsdag kaartjie wat ek ontvang het. Ek waardeer dit baie. En ook baie dankie vir die 2 CD’s wat ek ontvang het. Verlede jaar Desember het die nuwe Suid-Afrika my kom besoek en steel R20 000-00 se goedere. Die saak is aangegee by die polisie ... tot nou is niemand gevang of van my goedere terug gekry nie. Dit gebeur ook net toe ek nie meer versekering het nie. Ek koop toe vir my ‘n draagbare radio op skuld dat ek darem na my CD’s kan luister! Mei-maand hierdie jaar besoek hulle my weer ... breek ‘n venster en vat so by die R8 000-00 se goedere. ‘n Dag daarna ontvang ek my laaste CD ..... wat maak ek met ‘n CD, want ek kan nie daarna luister nie ! Wonderbaarlik vang hulle die besoekers en ek kry my draagbare radio terug asook al die ander goed ! Voorspoed vir die jaar vorentoe. (*Dankie vir jou bydrae, Pieter. Ek ken daardie gevoel, maar was tot dusver nog nie gelukkig om van my 2 blikbreins of HiFi terug te kry nie ... moes maar eis en die verhoogde maandelikse premies betaal ! Red.)*

f. Mnr Peet van Staden van Vanderbijlpark :

Anderdag, was dit 10 jaar sedert ek my program in 1994 begin het van TBK musiek op Radio Koppies/Overvaal Stereo, een keer per maand op die 2de Saterdag van elke maand tussen 6vm en 8vm … dankie aan almal wat bygedra het tot die programme. Baie interessant was toe ek deur die nuutste ledelys gaan om my verjaarsdaglys vir die radio op datum te bring … sou ek sien dat daar musikante/lede is wat tot drie jaar agterstallig is met hulle ledegelde … dit terwyl die lede tot onlangs nog by byeenkomste optree …

Graag wil ek weet wie die komponis van die woorde en/of wysie van Boegoeberg se Dam was. Die dam is ongeveer in 1934 gebou en iewers daarna het iemand die liedjie gemaak. Ek het opnames van Jurie Ferreira saam met Hendrik Susan se orkes asook van Chris Blignaut saam met ‘n onbekende orkes. Die etikette vertoon slegs as Tradisioneel.

As gevolg van ‘n navraag gedurende ‘n program op Overvaal Stereo, het ‘n mnr Wouter Breedt my gekontak en so kon ek kontak maak met sy ma, Tannie Lettie Breedt van Ellisras. Tannie Lettie Breedt se pa, oom Boet Subke, het kitaar gespeel as Oom Faan Harris met Oom Boet se konsertina gespeel het. Mev Lettie Breedt (Subke), was nege jaar oud toe sy kitaar gespeel het saam met haar pa vir Oom Faan Harris. Tant Lettie is nou 65 jaar jonk. Dit was in 1945 toe hulle saamgespeel het in Furndale (Randburg) en Halfweghuis (Midrand).

Oom Cecil Meyer, vandag 75 jaar oud en woonagtig in Potgietersrus, is die seun van Oom Boet Subke se suster wat getroud was met Willie Meyer. Willie Meyer het per geleentheid banjo gespeel vir Oom Faan Harris. Oom Cecil onthou hoe Faan Harris in 1938 in die Inneshall in Craighallpark musiek gemaak het.

Oom Boet Subke het ook ‘n broer met die naam Jan gehad. Een van oom Boet Subke se seuns, Fred, is 70 jaar oud en in ‘n versorgingsoord in Kemptonpark – ek kon nie met hom kontak maak nie. ‘n Ander dogter van Oom Boet Subke is Tannie Nellie Marais. Sy is 80 jaar oud en woon in Vanderbijlpark. Tannie Nellie het nog twee name bygevoeg - Willie Clark wat basviool gespeel het en Wally Koen wat kitaar gespeel het. Nog ‘n dogter van Oom Boet Subke, Tannie Hennie (Hendrina) Pretorius, van Bloemfontein, het Oom Faan ook geken.

Daar is opnames van Oom Faan waar ons nie weet wie saam met hom opgeneem het nie – dit kon net sowel van hierdie persone gewees het:

Boet Subke - Kitaar/konsertina
Lettie Subke (Breedt) - Kitaar
Willie Meyer - Banjo
Willie Clark - Basviool
Wally Koen - Kitaar

As daar enige iemand is wat oor aanvullende inligting beskik, sal ek bly wees om daarvan te hoor … enige inligting … hoe gering ookal, sal hoog op prys gestel word. Ook as daar iemand is wat Oom Faan Harris en sy gesin geken het … asseblief. My kontak besonderhede is - Tel/Faks 016 981 2605 - Posbus 3036, Vanderbijlpark,1900

Ek groet U met ‘n lied in die hart
En ‘n lag om die mond …
Reeds verby is die awendstond,
Die sterre blink al oral rond.
Die nag lê voor so onbekend …
Nou word dit tyd om jou na Hom te wend.
Môre-oggend sal ons die storie ken
Van Sy liefde vir ons deur Genade gewen.
As ons maar net wil glo …
En dankbaar opkyk na Bo …

Groetnis,
Peet van Staden en die bestuur van die Vaaldriehoek-tak van die TBK van SA

g. **Mev Hannetjie Mey van Middelburg :**

Gegroet alle tradisionele boeremusiekliefhebbers, waarvan ek een is. Eerstens hartlike dankie vir my verjaardagwense van die TBK en altyd ‘n eerste is! Om mens bly te maak, maar ook attent te maak op waar jou jare staan en met jou gaan! Dankie aan Danie Grey wat sy plig so getrou nakom , jaar na jaar en almal onthou ! ‘n Goue dankie aan Gerda vir al haar getroue jare aan die TBK. Ons wat geskakel het, het flink, vriendelik ons tradisionele boeremusiek bekom. Ons gaan nou mis – ook ons lekker kuier tussen-in en teedrink! Geniet julle nuwe pragtige rustige bosveldlewe.

Ook hartlik welkom aan Sias Erasmus en familie. Dit kan net ‘n lekkerte en vreugde wees so tussen al die mooi tradisionele boeremusiek van ons volkie. Dankie, ek het alreeds my 4 laserskywe ontvang vir 2005. Is baie in my skik. Die 3 laserskywe van Gerrie Bezuidenhout was ‘n verrassing ! My tradisionele boeremusiek skatkis het 3 juwele bygekry. Geniet ook die Goudvelders. Dankie aan elke musikant. Ons luister met aandag en bewonder almal se talente, asook die mooi musiek vir by die oor gebring. Ons groet uit Middelburg. (*Baie dankie vir die kaartjie, Hannetjie. Ek waardeer dit baie. Red.)*

10. TE KOOP :

Die volgende word te koop aangebied – indien u belangstel, skakel asb vir Andries Ferreira direk (na ure) : TBK baadjie met goue-draad sakwapen in baie goeie toestand. Prys is onderhandelbaar. Telefoon 057 352 4978 (Grahamstraat 100A, Dagbreek, Welkom).

11. Huldeblyk aan wyle oom Dirkie Uys :

Die volgende is van die Nasionale voorsitter van die TBK, Mnr Jasper Vlok, ontvang : ”Dirk Johannes Uys is gebore op 6 Januarie 1924 in die Hennenman distrik. Hy is oorlede te Bloemfontein op 15 Julie 2005. Van sy kinderdae af was hy besig met die konsertina, viool en klavier. Hy het vele radio uitsendings gedoen en ook 4 langspeelplate in die moderne idioom opgeneem. In 1982 het hy egter ‘n terugslag gehad toe hy na ‘n ernstige beroerte aanval sy regterhand so verlam was dat hy vir jare nie kon speel nie.

Ek was bevoorreg om oom Dirkie redelik goed te kon ken. Wat ‘n pragtige mens. Ek het hom aangemoedig om weer te speel, maar dan in die tradisionele styl. Dit het hy gedoen en in 19965 het Danie Labuschagne en Stephaan van Zyl na Bloemfontein gereis en is die CD “Net vir jou” in Dawid Fourie se huis opgeneem. Toe was oom Dirkie al 72 jaar oud. Vandag besit ons egter heelwat musiek wat hy en sy orkes daarna opgeneem het. Hy en sy orkes het vir jare by die TBK funksies in Bloemfontein en elders gespeel. Oom Dirkie was lid van die TBK vanaf 1984.

Ons het ‘n groot boeremusiek kenner verloor. Met die opening van Radio Rosestad (vroëer Radio Vryheid) in 1993, het ek en Andre Groenewald die program “Die goeie ou dae” begin en wat steeds elke Woensdagaand uitgesaai word – nou al 562 programme verby!). Oom Dirkie het vir ten minste5 jaar die snitte geluister en ingekleur met sy kommentaar.

Ons sê dankie vir sy bydrae tot ons kultuurskat en wens Tannie Katie, kinders en kleinkinders die Here se vertroosting en Genade toe.”

12. ALGEMENE INLIGTING:

Die volgende inligting ten opsigte van TBK se bankbesonderhede ens. word weereens gegee (maak asb ‘n aantekening hiervan en bêre dit vir toekomstige gebruik : Rekeningnaam : **TBK VAN SA** Bank : **ABSA** Bank takkode : **632005** Rekeningnommer **090 281 062.** Faks asb u depositostrokie na **0866 721 374 OF 012 379 1745**. Posadresse : soos bo-aan die nuusbrief. Die van u wat aftrekorders/stoporders/debietorders ten gunste van die TBK ingestel het, maak **ASB** seker dat die nodige fondse wel op die trekkingsdatum beskikbaar is **EN** dat die bedrag wel van u bankrekening verhaal is. Indien nie, deponeer die bedrag in die TBK se bankrekening en faks die depositostrokie na **0866 721 374 OF 012 379 1745.** Bydraes vir die nuusbrief kan per e-pos gestuur word na tomtbksa@mweb.co.za faks **0866 721 374**. As u met Sias wil skakel of skryf in verband met CD’s, plate, kassette of iets wil bestel : skakel : (**012) 379 1745** (en faks) sel. nr **083 948 2987** of pos aan **TBK van SA, Posbus 48865, Hercules 0030** . Sias se straat adres is **Bezuidenhoutstraat 467, Claremont.**

13. As iemand .....

As ‘n Engel iemand is wat altyd liefde uitstraal
soos ‘n groot geskenk waarin almal kan deel
Of as ‘n Engel iemand is wat aan ander dink
om altyd drukkies te gee vir bemoediging
Of as ‘n Engel iemand is wat jou hart aanraak
met ‘n hart vol wysheid maar ook lewensvreugde
Dan is jy, al is dit sonder ‘n stralekrans of vlerkies
‘n Engel in menslike vermomming. (ingestuur deur Ben en Corrie Labuschagne van Lindley)

Nouja, so het ons dan weereens aan die einde van die nuusbrief gekom. Die **volgende nuusbrief word vir November (voor die skole sluit) beplan** - kom ons maak die **sluitingsdatum vir bydraes vir die nuusbrief die 31ste Oktober**, dan kan ek alles in orde kry vir die middel van November. Baie dankie vir u samewerking. Ons versoek dat u almal deel hê aan die opmaak van die nuusbrief – dit is tog die goedkoopste manier om so te sê gelyktydig met 700 plus mense te gesels en dit vanuit verskillende dele van ons land asook van ons oorsese lede.

Maak gerus vir u ‘n spesiale afskrif (en vergroot dit) van **paragraaf 12** (Algemene Inligting) en bêre dit op ‘n veilige plek – agter die toilet se deur is ook goed – daar sal besoekers ook iets van die TBK te siene kry !

Let wel dat die briewe / antwoorde daarop / op- of aanmerkings daarop nie noodwendig die TBK se siening is nie en die bestuur en / of skrywer van die nuusbrief kan nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie.
Beste wense en groetnis van huis tot huis.

T.E. Adams (TOM)
(Voorsitter : Pretoria-tak van die TBK van SA)

(NS Hierdie nuusbrief het 35,581 karakters met spasies). Die TBK se katalogus is op bladsy 8 (agterop hierdie bladsy)